

Speech Cost of Living Crisis

16 November 2023

Dankie Voorsitter.

Voorsitter, dit is vir my kommerwekkend hoe gereeld stygende lewenskostes 'n algemene gesprek punt geraak het rondom Suid Afrikaanse tafels. Van gesprekke rondom die drastiese verhoging van vleis, melk, eiers en ander belangrike kos, tot die groot kommer van huis en motor paaimeente wat besig is om deur die dak te styg, terwyl krag en petrol ook net duurder raak.

Voorsitter, terwyl inflasie besig is om net te vererger, waarsku en praat die DA al vir meer as 'n jaar van die dreigende ontwikkeling van 'n lewens onkoste krisis. Ons het baie klem gelêe op hoe-die lae inkomste broodwinners en families drasties geraak word, en my kollega eerbare Masango het mooi uiteengesit watter groot maatskaplike krisis besig is om te ontvou vir die armste dele van ons samelewing.

Maar voorsitter, dit is ook belangrik om te begin beklemtoon dat stygende lewens onkostes nie meer slegs 'n krisis is vir lae inkomste families nie, maar 'n baie groter en breër probleem is, wat amper elke huishouding in Suid Afrika affekteer, en nou veral die middel klas.

Voorsitter in die huidige ekonomie raak dit al hoe moeiliker vir 'n middel klas familie om die huis se somme te maak klop. Mense sukkel om kos op die tafel te sit, en dit is nie slegs lae inkomste families nie.

Suid-Afrikaners het groot skuld, en tesame met rentekoerse wat amper met 5% verhoog het in die laaste twee jaar alleen, skat die "South African Reward Association" se navorsing dat Suid-Afrikaanse families 73% van hulle huishoudelike inkomste spandeer op die afbetaling van skuld.

Prakties beteken dit dat soos rentekoerse opgaan, raak dit net meer onmoontlik vir middel klas families om hulle motor en huis finansiering, hulle kredietkaarte en hulle winkel rekening te betaal. En dit is voor hulle nog moet byhou met die stygende onkostes van kos op die tafel sit, sowel as die aankoop van elektrisiteit en petrol.

Voorsitter, om te illustreer dat ek nie net probeer dramaties wees nie, kom ons maak die somme. 'n Tipiese Suid-Afrikaner met 'n huis lening van R1,5 miljoen, motor finansiering van R300 000 en persoonlike lenings of uitstaande rekening van R50 000, betaal vandag 'n konserwatief geskatte R5438 meer as 2 jaar gelede, November 2021.

Wat beteken dit? Dit beteken dat die individu R8915 meer 'n maand, of R106 000 'n jaar, meer moet verdien as twee jaar terug, net om by te kan bly met die verhogings in hulle skuld betalings.

Voorsitter, omdat die DA omgee, sit ons al vir meer as 'n jaar oplossings op die tafel.

Ons het voorgestel en geïllustreer hoe petrol en diesel kostes af gebring kan word met amper 30% as die regering al die onnodige belasting wat daarop gehef word afhaal, veral die kruppel pad ongelukke fonds.

Ons het voorgestel dat daar sekere belangrike kos items vrygestel moet word van BTW, soos hoender, bees vleis, blikkies bone, meul, grondboontjie botter, tee, koffie, baba kos en sop poeier.

Voorsitter, hierdie voorstelle is afgeskiet, en in party gevalle afgelag. Dit is simptomaties van 'n ANC regering wat so verwilder is van die daaglikse uitdagings wat Suid-Afrikaanse broodwinners moet oorkom, want hulle gee net eenvoudig nie om nie.

As die ANC omgegee het, was die DA se voorstelle maklik om te implementeer, want dit sal werklik mense help. En daarom voorsitter is ons so opgewonde oor 2024 se verkiesing, want voorsitter, dit is die geleentheid vir Suid-Afrikaners om te stem vir 'n party wat nie net werklik oplossings het nie, maar wat werklik omgee.

'n Stem vir die DA in 2024, is 'n stem vir laer lewens onkostes, 'n stem vir meer werk en 'n stem vir 'n beter lewe in 'n Suid Afrika wat werk.

Kom ons red Suid-Afrika.